Laerskool Saamtrek

Welkom by Samies

WAAR ELKEEN GELUKKIG IS!

DIE SKOOLGELD VIR 2027

Neem asseblief kennis dat die eerste maand se skoolgeld 'n addisionele bedrag van R800,00 per leerder insluit. Hierdie bedrag is slegs vir Januarie van toepassing.

Graad RR/R:	Januarie (Aanvangsmaand)	**R 2 190,00**	Eenmalig
	Februarie - Desember	**R 1 390,00**	Per maand per leerder
Graad 1 - 7	Januarie (Aanvangsmaand)	**R 2 450,00**	Eenmalig
	Februarie - Desember	**R 1 650,00**	Per maand per leerder
Jaarliks	Gr RR/R:	R17 480,00 per leerder	
Jaarliks	Gr 1 - 7:	R20 600,00 per leerder	

Belangrike kennisgewing:

KORTING: Indien u die volle jaar se skoolgeld voor of op 31 Maart 2027 vooruitbetaal, ontvang u een maand se skoolgeld as korting vir elke kind.

Graad RR/R:
Totale bedrag nà korting: R16 090,00 per leerder

Graad 1 - 7:
Totale bedrag nà korting: R18 950,00 per leerder

Alle Grade se benodigdhedelyste is beskikbaar op die skool se webtuiste. (www.saamtrek.com)

DIE VOLGENDE AANGEHEGTE DOKUMENTASIE MOET ASB. SO VOLLEDIG AS MOONTLIK INGEVUL WORD EN TERUGBESORG WORD AAN DIE SKOOL:

1. Aansoek om toelating
2. Onderneming om skoolgeld te betaal
3. Debietorderopdragvorm (Vorm A3)
4. Finansiële- en dissiplinêre uitklaringsertifikaat by u huidige skool
5. Vrywaring / toestemming om aan alle georganiseerde akademie-, sport- en kultuuraktiwiteite deel te neem
6. Erekode vir leerlinge en ouers
7. Vrywaringsvorm: leerlingfoto's / -beeldmateriaal / -video's/ -inligting
8. Gedragskode vir ouers

DIE VOLGENDE DOKUMENTE MOET ASSEBLIEF SAAM MET DIE BOGENOEMDE VORMS INGEHANDIG WORD BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR.

1. Oorplasingskaart van die vorige skool ☐
2. Afskrif van 'n geboortesertifikaat of ID dokument van die leerling ☐
3. Afskrifte van die vader en moeder of voog se identiteitsdokument ☐
4. Bewys van adres ☐
5. Finansiële- en dissiplinêre uitklaringsertifikaat (Graad RR tot Graad 7 inskrywings) ☐
6. Vrywaringsvorm ☐
7. Onderneming om skoolgeld te betaal ☐

Indien skoolgelde nie op die laaste dag van elke maand vereffen is nie, sal u as ouer 'n skrywe ontvang as herinnering. Indien die rekening dan nie binne 7 dae vereffen is nie word die rekening oorhandig aan die skool se invorderaars vir invordering.

Indien u kind aan enige buitemuurse aktiwiteite deelneem soos byvoorbeeld rugby, netbal, krieket, tennis, ens., moet u die klere voortydig by die verskaffers bestel en aankoop om 'n tekort in aanvraag te verhoed.

Indien u van internet bankdienste gebruikmaak om die skoolgeld te betaal, moet u die korrekte verwysingsnommer by die Finansiële kantoor verkry. Die bankbesonderhede is as volg:

Rekeningnaam	**Laerskool Saamtrek**
Bank	**Nedbank**
Tak	**174138**
Rekeningnommer	**1741364833**

LAERSKOOL SAAMTREK

INSKRYWINGSVORM: 2027

VOLTOOI MET 'N SWART PEN ASSEBLIEF

HET U ENIGE LEERLINGE TANS/VOORHEEN IN HIERDIE SKOOL? JA ☐ NEE ☐

WAGLYS: JA ☐ NEE ☐

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

Familikode: _____

Registerklas: _____

Toelatingsnommer: _____

- Waglys ☐
- Waglysnommer ☐
- ID Afskrif ☐
- Oorplasingsertifikaat ☐
- Bewys van adres ☐
- Rapport ☐
- Geboortesertifikaat ☐
- Kliniekkaart ☐
- D6 + SMS ☐

LEERLINGINLIGTING:

Volle name: _____

Van: _____

Noemnaam: _____

Geboortedatum: _____

ID-Nommer: _____

Nasioanaliteit: _____

Kerkverband: _____

Geslag: Manlik ☐ Vroulik ☐

Bevolkingsgroep: _____

Huistaal: _____

Voorkeur onderrigtaal: _____

Behendigheid: Links ☐ Regs ☐ Beide ☐

Leerling e-posadres: _____

Toelatingsnommer: _____

Watter Graad in 2026? _____

Jare in die Graad 2026? _____

Jare in die fase 2026? _____

Voorskoolse opvoeding bygewoon ☐ Formeel ☐ Informeel

☐ Ander: _____

Geregistreer vir maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Ontvang maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Media toestemming: ☐ Ja ☐ Nee

VERVOER:

Metode van Vervoer: _____

Taxi/bus registrasienommer: _____

Bestuurder se naam: _____

Kontaknommer: _____

NAASBESTAANDE-INLIGTING:

Naam: _____

Kontaknommer: _____

Alternatiewe Kontaknommer: _____

Verwantskap: _____

FAMILIE-INLIGTING:

GESINSTATUS: Beide ouers ☐ Enkel ouer-Nooit getroud ☐

Pleegsorg Kinderhuis ☐ Enkel ouer – geskei ☐

Ander Hersaamgestel ☐ Weduwee/wewenaar ☐

Ouers oorlede ☐ Moeder ☐ Vader ☐ Geen ☐

LEERLING-GESONDHEIDSINLIGTING:

Kroniese siektes: _____

Allergieë: _____

Medikasie: _____

MEDIESE FONDSINLIGTING:

Naam van fonds: _____

Telefoonnommer: _____

Lidnommer: _____

Hooflid: _____

HUISDOKTERINLIGTING:

Naam: _____

Telefoonnommer: _____

INLIGTING VAN VORIGE SKOOL/SPEELGROEP/KLEUTERSKOOL:

Eerste inskrywing in Noordwes: JA ☐ NEE ☐

Het die leerling skool bygewoon verlede jaar? JA ☐ NEE ☐

Indien wel, watter Provinsie/Land? _____

Vorige skool se naam: _____

Adres: _____

Provinsie: _____

Telefoonnommer: _____

Hoogste Graad in vorige skool? _____

Rede vir skoolverlating? _____

BIOLOGIESE OUER/WETTIGE VOOG 1 - INLIGTING:

Titel:_____ Woonadres:_____

Volle Naam:_____ _____

Van:_____ _____

Voorletters: _____ Posadres:_____

Noemnaam:_____ _____

Telefoonnommer: _____

ID-Nommer: :_____ **Beroepstatus**: Eie werkgewer ☐

Nasionaliteit:_____ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐

Werkgewer:_____ Kontrakwerker ☐ Pensionaris ☐

_____ Student ☐ Tydelik ☐

Voltyds ☐ Werkloos ☐

e-posadres: _____

BIOLOGIESE OUER/WETTIGE VOOG 2 - INLIGTING:

Titel:_____ Woonadres:_____

Volle Naam:_____ _____

Van:_____ _____

Voorletters: _____ Posadres:_____

Noemnaam:_____ _____

Telefoonnommer: _____

ID-Nommer:_____ Beroepstatus: Eie werkgewer ☐

Nasionaliteit:_____ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐

Werkgewer: _____ Kontrakwerker ☐ Pensionaris ☐

_____ Student ☐ Tydelik ☐

Voltyds ☐ Werkloos ☐

e-posadres: _____

REKENPLIGTIGE - INLIGTING:

Biologiese ouer 1: ☐ Biologiese ouer 2: ☐ Ander: ☐

SLEGS INDIEN "ANDER" GEKIES IS, VOLTOOI GEDEELTE "A" HIERONDER ASB.

A INDIVIDU:

Titel: _____

Volle Name: _____

Voorletters: _____

Noemanaam: _____

ID-Nommer: _____

Huistaal: _____

Kommunikasie: _____

Selfoonnommer: _____

Telefoonnommer: _____

E-Pos: _____

Woonadres: _____

_____

_____

Posadres: _____

_____

_____

Werkgewer: _____

BANKBESONDERHEDE:

Bank: _____

Tak: _____

Takkode: _____

Rekeningnommer: _____

Rekeninghouer: _____

BELANGRIK:

Ek/Ons die ondergetekende en wettige ouer(-s) / voog(-de) van die leerling waarvoor hier aansoek gedoen word, onderneem om:

Die aansoek volledig te voltooi en in te dien tesame met ‘n gewaarmerkte **GEBOORTESERTIFIKAAT OF ID DOKUMENT VAN DIE LEERLING, ID DOKUMENTE VAN DIE OUERS EN ‘N BEWYS VAN ADRES.**

1. My-/onsself te vergewis van die Gedragskode vir leerlinge en ouers van Laerskool Saamtrek en om dit te onderteken.

2. Die ondernemingsvorm om skoolgeld te betaal (Vorm A2) te voltooi en in te handig.

3. Indien die Debietorder betaalwyse my/ons keuse is, dan ook om ‘n Debietordervorm (A3) te voltooi en in te handig.

    a. **Skoolgeld word betaal vir 12 maande van die akademiese jaar**
    b. **Skoolgeld is ‘n eenmalige vereffening van die jaar se vasgestelde skoolgeld**
    c. **Die skool maak ‘n vergunning aan ouers om die volle bedrag oor 12 maande af te betaal.**

HIERDIE AANSOEK IS ONDERHEWIG AAN DIE GOEDKEURING VAN DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL SAAMTREK.

Hierdie reëling is nodig om aan leerlinge voorkeur toelating te verleen, wat:

a. **Broer/-s en suster/-s reeds in die skool het**
b. **Area: Wat in ‘n woonarea naby aan die skool woonagtig is**
c. **Leerlinge wat in Graad RR en R is (Dog, dieselfde kriteria vir toelating geld steeds vir Gr. RR en R toelating)**

_____
HANDTEKENING VAN OUER/ VOOG

_____
DATUM

As deel van die inskrywingsproses, word 'n Finansiële- en Dissiplinêre uitklaringsertifikaat vereis vanaf u huidige skool. Dit moet voltooi en terugbesorg word saam met die aansoekvorms, waarna ons kan voortgaan met die prosessering en goedkeuring van u aansoek om toelating tot Laerskool Saamtrek.

FINANSIËLE- EN DISSIPLINÊRE UITKLARINGSERTIFIKAAT

Naam van die leerling: _____

Naam van die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van die skoolgeld:

_____

Identiteitsnommer van die persoon verantwoordelik is vir die betaling van die skoolgeld:

_____

Naam van die skool waar die leerling tans ingeskryf is:

_____

Huidige skoolgeld per jaar: _____

Skoolgeld betaal tot op datum: _____

Agterstallige skoolgeld (bedrag): _____

Afskrif van dissiplinêre dokumentasie aangeheg: **JA** ☐ **NEE** ☐

Kommentaar of opmerkings:

_____

_____

Hiermee verklaar ek dat die persoon die skoolgeld vereffen het soos aangedui.

_____
HANDTEKENING: SKOOLHOOF

_____
DATUM

SKOOLSTEMPEL

ONDERNEMING OM SKOOLGELD TE BETAAL

Ek, die ondergetekende ouer/rekeningpligtige (Naam en van) _____

Identiteitsnommer (van rekeningpligtige) _____

Ouer van (naam van kinders) _____ Graad _____

_____ Graad _____

onderneem hiermee om die volle bedrag skoolgeld per jaar, verskuldig aan Laerskool Saamtrek, te betaal.

Skoolgeld is 'n eenmalige betaling van die vasgestelde bedrag. Die skool maak 'n vergunning aan ouers om die bedrag oor 12 maande te betaal. Ek neem ook kennis daarvan dat die spesifieke bedrag skoolgeld per jaar, hierna die "bedrag" genoem, jaarliks bepaal sal word volgens klousule 3 van die Finansiële Beleid van Laerskool Saamtrek, wat o.a. insluit, dat die bedrag deur ouers by 'n jaarlikse algemene ouervergadering vasgestel en goedgekeur sal word.

Ek kies hiermee een van die volgende wyses om die skoolgeld aan Laerskool Saamtrek te betaal: **(Omkring u keuse)**

1. **EENMALIGE BETALING**:
   Ek onderneem om die volle jaarlikse bedrag voor of op die einde van die eerste week van Maart te vereffen; in welke geval Laerskool Saamtrek 'n eenmalige korting, gelykstaande aan 1 **(een)** maand se skoolgeld aan my toestaan op die datum van betaling van die gemelde bedrag in die rekening van Laerskool Saamtrek.

2. **DEBIETORDER:**
   Ek onderneem om maandeliks vooruit, vanaf begin Januarie die volle maandelikse bedrag per debietorder aan Laerskool Saamtrek oor te betaal in die rekening van Laerskool Saamtrek. (Teken asb. die aangehegte Debietorder magtiging, Vorm A3)

   2.1 Die betalings sal maandeliks voor of op die eerste dag van elke maand geskied, vanaf Januarie vir 'n periode van 12 maande.

   2.2 Indien die betalings soos hierbo vermeld in klousule 2.1 om enige rede geweier word deur die betrokke Finansiële instelling, of na die derde dag van die maand ontvang word, onderneem ek om 'n bedrag van R 50.00 (Vyftig rand) administrasiefooi aan Laerskool Saamtrek oor te betaal op aanvraag vir elke betaling wat nie ooreenkomstig die onderneming nagekom is nie.

3. **INTERNETBETALINGS (EFT)**
   Internetbetalings (EFT) kan gedoen word. Die bankbesonderhede is by die skool beskikbaar.

4. **KAARTFASILITEIT:**
   Kaartfasilitiete is by die skool beskikbaar vir betalings.

5. **KARRI- TOEP VIR KONTANTLOSE BETALINGS:**
   Laerskool Saamtrek maak gebruik van 'n kontantlose "toep" genaamd "KARRI". Deur die toepassing af te laai op u slimfoon, kan u as ouer betalings maklik, vinnig en veilig te maak vir projekte, aktiwiteite, buskaartjies, toere en vele meer. Ons wend nie die "toep" aan vir die betaal van skoolgeld nie. Laai gerus die "toep" op u foon. Sodra u kinders op die administratiewestelsel van die skool ingelees is, sal u kinders op u bruikbare "toep" verskyn. Kontak gerus die skool vir meer inligting.

Indien Laerskool Saamtrek regsaksies teen my instel as gevolg van die versuim om die terme en voorwaardes van hierdie onderneming na te kom, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van alle regskostes wat deur Laerskool Saamtrek aangegaan is.

GETEKEN TE KLERKSDORP OP HIERDIE ____ DAG VAN _____ 20_____

HANDTEKENING: _____

DEBIETORDEROPDRAG

REKENINGHOUER SE VOLLE NAAM EN VAN

_____

ADRES

_____

_____

SELFOONNOMMER: _____

AAN: LAERSKOOL SAMTREK
H/V/ MICHAEL & IVORSTRAAT
WILKOPPIES
KLERKSDORP

BANK: _____

TAKNAAM: _____

DORP/STAD: _____

ELKE KIND SE VOLLE NAAM EN VAN

KIND _____Gr. ____

KIND _____Gr. ____

KIND _____Gr. ____

TAKNOMMER												
REKENINGNOMMER												

Tipe rekening (merk met X): **Lopende (Tjek)** _____
Spaarrekening _____

Ek/Ons versoek hiermee, en magtig u om my/ons rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons my/ons rekening mag oorplaas, met die bedrag van

R _____(bedrag in woorde) te debiteer met "die bedrag" benodig vir die betaling van die maandelikse paaiemente verskuldig aan Laerskool Saamtrek van die ooreenkoms om die skoolgeld te vereffen. Onttrekkings vind plaas op die eerste (1ste) dag van elke maand vir 12 maande van die jaar. (Januarie tot Desember) Alle sodanige onttrekkings uit my/ons bankrekeninge deur u, word behandel, asof dit deur my/ons persoonlik onderteken is. Ons is bewus daarvan dat die bogenoemde bedrag jaarliks sal/kan verhoog en dat dit skriftelik met my/ons bevestig sal word.

Ek/ons verstaan dat die onttrekkings wat hiermee gemagtig word, deur 'n rekenaar verwerk sal word, deur middel van 'n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens. E/ons verstaan verder ook dat die besonderhede van elke onttrekking met my ons bankstaat gedruk sal wees. Ek/ons tem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.

Hierdie magtiging kan deur my/ons gekanselleer word, deur u skriftelik 30 dae kennis te gee, maar ek/ons verstaan dat ek/ons nie op 'n terugbetaling van enige bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl die magtiging van krag was indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 ____ .

_____
HANDTEKENING VAN REKENPLIGTIGE OUER / VOOG

VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIE-, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM

Ek, die ouer/voog van _____ in Graad __/__ verleen hiermee toestemming dat hy/sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem.

Ek verleen verder toestemming vir die aflê van die toetse deur die skool-ondersteuningspan met die oog op hulpverlening in skoolwerk of vir die identifisering van moontlike probleemareas.

Ek verleen ook toestemming dat my kind vervoer mag word, deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerlinge vervoer moet word, kan ouers/personeel met wettige bestuurslisensies toegelaat word om die leerlinge te vervoer. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal\kan word vir die betaling van die mediese en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, met verwysing na 'n besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool en of sy verteenwoordiger, indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteit deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien is in die aansoekvorm vir Leerlinginligting en dat die inligting akkuraat, korrek en volledig is. Hierdie inligting mag aangewend word in enige noodgeval.

Ek onderneem om die skool ten alle tye daarvan verwittig indien enige inligting rakende die leerlinge of ouers/voog verander.

Ek onderneem om kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Saamtrek, soos vervat in die Skoolbeleid.

Hiermee bevestig ek verder dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ook al.

Ek onderneem verder met die skrywe om die erekode vir leerlinge en vir ouers te onderteken en dit ten alle tye te eerbiedig.

HANDTEKENING OUER/VOOG: _____

DATUM: _____

EREKODE VIR LEERLINGE

I. Ek praat ten alle tye net goed en positief van my ouers, mede-skoliere en onderwysers. (Mede-mens)
II. Ek respekteer die integriteit, besittings en menswees van mede-skoliere, opvoeders en ouers.
III. Ek respekteer ten alle tye my meerderes, minderes en gaste van die skool en sal ek altyd hoflik en gemanierd optree teenoor almal van hulle.
IV. By Laerskool Saamtrek groet ek mede-skoliere, opvoeders, ouers en gaste eerste en vriendelik, omdat ek myself nie as verhewe bo hulle beskou nie.
V. Ek reik uit en help ander wat fisies, emosioneel en akademies in nood verkeer.
VI. Ek openbaar en vertoon die gedrag wat by die trotse etos en ryke tradisies van Laerskool Saamtrek pas.
VII. Ek beskerm, bewaar en onderhou ten alle koste die netheid van ons geboue, klaskamers, badkamers, skoolsaal en terrein asook alle ander eiendom van my skool.
VIII. Ek stel my Godgegewe talente en gawes ten volle tot die beskikking van die skool.
IX. Ek gun elke mede-skolier die reg tot prestasie en kyk nooit neer op iemand anders nie.
X. Ek handhaaf en koester my moedertaal en daarom gebruik ek nie vuil taal nie
XI. Ek tree oral met waardigheid op as ambassadeur van my skool en skooldrag.
XII. Ek tree altyd op as ‘n volgeling van Jesus, omdat ek elke dag met my optrede, denke en dade, my Christenskap bely.
XIII. My besluite en optrede is my keuse en verantwoordelikheid met hul eie gevolge. (Goed of sleg)
XIV. As ek iets geleen het, dan gee ek dit terug want ek steel nie en respekteer ‘n ander se eiendom.
XV. Wanneer ek iets gebruik het, dan plaas ek dit weer terug op sy plek, dit is nie vir ander om dit vir my te doen nie.
XVI. As ek vriende wil hê, dan moet ek ‘n vriend vir ander wees.
XVII. As ek iets begin het, dan sal ek dit klaarmaak.
XVIII. Ek maak ook foute, maar ek sal daaruit leer.
XIX. As ek iets nie verstaan nie, sal ek vir hulp vra.

DIE ONDERTEKENING VAN DIE EREKODE IS ‘N ONDERNEMING OM DIT TEN ALLE TYE TE ONDERHOU EN TE EERBIEDIG

Naam en van (leerling): _____ Graad ___ /___

EREKODE VIR OUERS

DIE EREKODE VAN LAERSKOOL SAAMTREK IS SAAMGESTEL OM 'N VEILIGE, WAARDIGE EN GESONDE LEEROMGEWING TE SKEP VIR AL SY DEELGENOTE.

DIT IS DIE GEMEENSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID VAN LEERLINGE, PERSONEEL, OUERS/VOOGDE EN DIE BREëR SKOOLGEMEENSKAP OM 'N POSITIEWE GEDRAG EN GESINDHEID TE OPENBAAR WANNEER ENIGE AKTIWITEITE VAN DIE SKOOL OP ENIGE PLEK BYGEWOON OF AANGEBIED WORD.

Alle deelgenote van Laerskool Saamtrek se skoolgemeenskap het die verantwoordelikheid om:

1. Die onderrig van leerlinge ten volle te ondersteun en te verseker.
2. Veiligheid te promoveer en te bewerkstellig.
3. Respek te betoon vir eiendom, die omgewing, die privaatheid en persoonlike ruimte van ander.

Alle lede van Laerskool Saamtrek se skoolgemeenskap moet hulself daarvan weerhou om betrokke te raak by enige inter-persoonlike of digitale kommunikasie of optredes wat beskou kan word as:

1. Inmenging met die leerprogram, onderrig, afrigting en die werk van personeel en leerlinge van die skool.
2. Afknouery, teistering, intimidasie, weerwraak, diskriminasie of gewelddadigheid.
3. Onveilige of onwettige, insluitend die besit van, verspreiding of gebruik van onwettige of beperkte middels, of in die besit wees van 'n wapen of enige replika van wapens.

Daar word verwag van die Laerskool Saamtrek skoolgemeenskap om te voldoen aan die vereistes van hierdie erekode en ook om nie betrokke te raak by enige diskriminerende optredes, op die grondslag en basis van ras, kleur, plek, herkoms, geloof, huwelikstatus, familiestatus, fisiese of verstandelike gestremdheid, geslag of ouderdom nie. Alle pogings sal aangewend word om individue te ondersteun en vas te stel wat die kern van oorsaak was van 'n spesifieke gedrag en optrede wat aanleiding kon gee daartoe dat die opvoedkundige program of die aktiwiteite van ander in gedrang geplaas en ontwrig is. Dieselfde geld vir die voortgesette versuim om aan die vereistes van die erekode te voldoen, waarna 'n reeks konsekwensies en optredes kan volg. Wanneer enigsins moontlik, sal insidente en voorvalle deur mediasie, gesprekvoering en restitusie opgelos word.

DIE ONDERTEKENING VAN DIE EREKODE IS 'N ONDERNEMING OM DIT TEN ALLE TYE TE ONDERHOU EN TE EERBIEDIG

Naam en van (Ouers/voogde):_____

Ouer van (Leerling se naam en van): _____

Handtekening van ouers/voog: _____

Geagte ouers en leerlinge,

INSAKE: VRYWARINGSVORM: LEERLINGFOTO'S / -BEELDMATERIAAL / -VIDEO'S/ -INLIGTING:

Laerskool Saamtrek se ryke tradisies, prestasie en waardes word gereeld uitgebeeld, verkondig, gepubliseer en oorgedra aan ouers, belangstellendes, die gemeenskap en vele meer op verskeie platforms regoor die gemeenskap, stad, Provinsie en die land. Ons versekering aan elkeen van u as ouers en voogde van ingeskrewe leerlinge van die pragtige skool, is dat alle publikasies ten alle tye gepaard sal gaan met deurdagte oorsig, respek, integriteit en eerlikheid t.o.v. leerlinge se inligting, foto's, video's en beeldmateriaal van ons skool, hetsy dit vir skool- of bemarkingsdoeleindes is van ons tradisieryke skool.

Voltooi asb. die dokument waarin u dan u skriftelike toestemming verskaf aan ons as skool om voort te gaan met die wyse waarop ons dit tans doen en nog altyd gedoen het. U ondertekening van die vrywaringsvorm gaan dan gepaard met die wedersydse ooreenkoms tussen u as ouers en die skool, dat die beskerming van leerlinge se persoonlike inligting en beeldmateriaal nog altyd 'n prioriteit is en was vir Laerskool Saamtrek.

U skriftelike toestemming in die verband word versoek, sodat ons as skool ook voldoen aan die vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (**POPAI**) wat op 1 Julie 2021 wetlik in werking getree het. Laerskool Saamtrek verbind homself onvoorwaardelik tot die beskerming van persoonlike inligting en tot die nakoming van die wetgewing en regulasies.

Vergewis uself van die inhoudelike van die **POPAI** wetgewing en voltooi asb. beide die aangehegte vorms. Hardekopieë van u getekende vorms, moet ingehandig word saam met u kind se aansoek om toelating. Elke leerling in die skool se vorms moet afsonderlik ingevul en onderteken word.

Aangeheg is die vorms wat voltooi moet word. Navrae kan gerig word aan admin@saamtrek.co.za.

B VAN DEN BERG
HOOF

VRYWARINGSVORM M.B.T. LEERLINGFOTO'S/ BEELDMATERIAAL EN VIDEO'S

Ek, (volle naam en van in drukskrif) _____, die ouer/voog van

(Volle naam en van in drukskrif) _____ in Graad ___ /___ verleen hiermee toestemming aan Laerskool Saamtrek om foto's/beeldmateriaal van die genoemde leerling te vertoon as deel van:

1. 'n Demonstrasie/projek/aktiwiteit tydens die verloop van klasonderrig;
2. 'n Voorbeeldprojek/-aktiwiteit op 'n geheuestokkie/DVD/CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ens. deur die skool geskep is;
3. Die skool se webblad, kommunikasie- en sosiale media-platforms (waaronder Facebook, Instagram en Whatsapp)
4. Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstydinskrywings wat by borge ingedien word, en of
5. Enige gedrukte publikasies, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante tydskrifte, jaarboeke, ens.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool die foto's/ beeldmateriaal of video's van die leerling kan gebruik vir die doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die Beheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik die vertoning daarvan in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts hoewel die skool wat met foto's/beeldmateriaal of video's verbind word, geïdentifiseer sal word en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal en video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlike identifiseerbare inligting van die leerling buiten vir die naam/name van die leerling, saam met enige foto/beeld of video gebruik sal word nie.

Ek teken die vrywaringsvorm met die wete dat enige foto/beeldmateriaal of video's wat op die skool se webblad en sosiale media-platforms gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte-, elektroniese- en uitsaaimedia bekom en gereproduseer kan word en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal of video's van die leerling in skoolwebpublikasies. Daarbenewens begryp ek dat wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

TOESTEMMINGSVORM INGEVOLGE DIE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING 4 VAN 2013 (POPI)

TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING TE GEBRUIK:

1. Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u (volle naam en van in drukskrif), _____ , hiermee Laerskool Saamtrek vrywillig om u persoonlike inligting sowel as die van die leerling, _____ te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).

2. Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, sortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of samestelling, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
3. Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike inligting nagekom is.
4. Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
5. Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Laerskool Saamtrek persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet / 7 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorgeskryf.
6. Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
7. Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
    a. Indien die datasubjek, of bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
    b. Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
    c. Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê is.
    d. Indien verwerking 'n regmatige belang van die datasubjek beskerm.
    e. Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
    f. Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U REGTE INGEVOLGE HIERDIE TOESTEMMING

U het die volgende regte:

1. Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word en wanneer die skool dit bekend sal maak. Al voormelde inligting word vervat in ons beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore.
2. Die reg om u besonderhede reg te stel.. Die skool sal u inligting bywerk en probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asb. In kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
3. Die reg om u toestemming terug te trek. U mag die toestemming wat u ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend nie, en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

TOESTEMMING OM BEMARKINGSINLIGTING TE ONTVANG

Deur tot die bepalings van die toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, dat u bemarkingsmateriaal in die vorm van, Whatsapp, SMS, e-posse, en dies meer van die skool kan ontvang.

TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING OP RADIAOSTASIES, TELEVISIEPROGRAMME EN SOSIALE MEDIA BESKIKBAAR TE MAAK

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsbrief in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u persoonlike inligting sowel as die van die leerling gebruik mag word vir:

1. Radio-, televisieopnames en -programme wat oor, by of in verband met die skool opgeneem en uitgesaai word. Dit sluit ook in enige opnames van sport- of kulturele byeenkomste wat op 'n radio of televisiestasie of ander vorm van uitsaaiplatforms (waaronder Facebook, Instagram, x, en Whatsapp) vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof mag goeddink.
2. Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word.
3. Enige gedrukte publikasies, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ens.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, dat ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Leerling se naam en van	
Graad/Klas	
Ouer/voog se naam en van	
Adres	
Poskode	
Telefoonnommer	

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

_____

Handtekening van ouer/voog

_____

Datum

Laerskool Saamtrek
Welkom by Samies
WAAR ELKEEN GELUKKIG IS!

H/v Ivorstraat en Michaelstraat, Wilkoppies, 2571
(018) 462-4231
admin@saamtrek.co.za
www.saamtrek.com

6 November 2026

Geagte Graad RR - 7 ouers,

GRAAG BRING ONS DIE VOLGENDE BELANGRIKE FINANSIëLE INLIGTING VIR 2027 ONDER U AANDAG:

1. ALGEMENE JAARVERGADERING: 5 NOVEMBER 2026:

Die algemene ouervergadering van Laerskool Saamtrek is op Donderdag, 5 November 2026, gehou.

Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde begroting en skoolgeld vir die 2027-skooljaar aan die ouers voorgelê en goedgekeur.

Tydens die Ouervergadering, gehou op Donderdag, 5 November 2026 in die skoolsaal om 18:00, is bevestig dat Laerskool Saamtrek ‘n skoolgeld betalende skool is, wat teweegbring dat skoolgeld gehef sal word vir alle ingeskrewe leerlinge en **deur beide ouers vooruit betaalbaar is** volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.

Die Beheerliggaam van Laerskool Saamtrek het egter ‘n vergunning gemaak aan elke ouer, dat die betaling van skoolgeld in **12 paaiemente kan geskied** en maandeliks **voor die 7de van elke maand** betaalbaar is.

Die feit dat die skool eers op 13 Januarie 2027 vir alle leerlinge her-open, impliseer dat die betaling vir Januarie 2027 voor of op 18 Januarie 2027 sal geskied.

Die skoolgeld word deur die Beheerliggaam en in besonder deur 'n finansiële komitee beheer en bestuur. Die finansiële state word jaarliks deur 'n ouditeursfirma geoudit en verslae word dan jaarliks aan die onderwysowerheid voorgelê. Verslae is ook ter insae vir alle ouers by die skool beskikbaar.

Skoolgelde word onder andere aangewend vir:

- die aankoop van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal;
- die instandhouding en ontwikkeling van skoolfasiliteite,
- die bedryfsuitgawes van die skool;
- die verskaffing en instandhouding van sport- en kultuurgeriewe; en
- die ondersteuning van die skool se opvoedkundige programme.

NEEM KENNIS VAN DIE BELANGRIKE BESLUIT SOOS GENEEM OP DIE OUERVERGADERING: 5 NOVEMBER 2026 OM 18:00:

2. SKOOLGELD VIR 2027:

Op die algemene jaarvergadering is op die volgende besluit:

Die jaarlikse skoolgeld vir Gr. RR en R word met 'n 2,96 % verhoging aangepas. Daar is dus 'n vermeerdering op die skoolgeld vir 2027 van R40,00 per maand.

Die jaarlikse skoolgeld vir Graad 1 - 7 word met 'n 6,45 % verhoging aangepas. Daar is dus 'n vermeerdering op die skoolgeld vir 2027 van R100,00 per maand.

Die uiteensetting is as volg:

- **Graad RR en R :**
  R2 190.00 vir Januarie 2027 per leerder vir die maand van Januarie 2027.
  R1 390.00 vir Februarie 2027 - einde Desember 2027 per leerder per maand.

  Die totale skoolgeld vir 2027 is dus R17 480,00 per jaar.
  Die bedrag is eenmalig vooruitbetaalbaar of betaalbaar voor die 7de van elke maand oor 'n maksimum periode van 12 maande.

- **Graad 1 - 7:**

  R2 450,00 vir Januarie 2027 per leerder vir die maand van Januarie 2027.
  R1 650,00 vir Februarie 2027 - einde Desember 2027 per leerder per maand.

  Die totale skoolgeld vir 2027 is dus R20 600,00 per jaar.
  Die bedrag is eenmalig vooruitbetaalbaar of betaalbaar voor die 7de van elke maand of betaalbaar oor 'n maksimum periode van 12 maande.

KORTING:

Indien u voor of op 31 Maart 2027 u kind(ers) se volle skoolgeld vir die jaar betaal, ontvang u 'n volle maand se skoolgeld as korting vir elke kind.

3. WYSE VAN BETALING VAN SKOOLGELD:

U moet asseblief **MET ELKE BETALING VAN SKOOLGELD** u unieke **familiekode as verwysing** gebruik. Hierdie kode verskyn altyd op die rekeningstaat wat u van die skool ontvang. Indien u onseker is oor die kode moet u asb. vir **me. Santie Pretorius** by die skool skakel om u weer te vergewis van die unieke kode.

Betalings kan op die volgende wyse gedoen word:

- **Elektroniese betaling (EFT)**

  Laerskool Saamtrek

  Nedbank

  Nedbank Takkode: 174138

  Rekeningnommer: 1741364833

  Verwysing (skoolgeld): **Familiekode** (wat op die rekeningstaat verskyn)

  Stuur asb. 'n bewys van betaling na mev. Santie Pretorius by **santie@saamtrek.co.za**.

- **Debietorder**

  Dié vorm is of by die skool self beskikbaar of op die skool se webtuiste by aflaaibare dokumente/finansies beskikbaar.

  Die finansiële kantoor is oop op Maandae tot Donderdae vanaf 07:00 tot 14:30 en op Vrydae vanaf 07:00 tot 13:00.

  Kontak asseblief vir mev. Santie Pretorius (**santie@saamtrek.co.za**) / Thea Brink (**finans@saamtrek.co.za**) indien u enige navrae oor u rekening het.

  Debietorders sal geaktiveer word vanaf **1 Januarie 2027** tot **1 Desember 2027**. Alle debietorderbetalings sal van die aangehegte vorms of e-pos magtigings geaktiveer word. Indien u debietorder nie Januarie al gemagtig is nie, moet u asb. Januarie 2027 se skoolgeld direk in die skool se rekening inbetaal.

  Indien u per **debietorder wil betaal** is dit van uiterste belang dat ons die debietordervorm betyds terug ontvang. Die voltooide vorm moet asb. per e-pos aan **finans@saamtrek.co.za** gestuur word.

  Bestaande debietorders word steeds outomaties gelaai vir 2027, stuur 'n e-pos na finans@saamtrek.co.za, indien u dit wil kanselleer.

4. VRYSTELLING VAN SKOOLGELD:

Ouers wat kwalifiseer vir gedeeltelike, volle of voorwaardelike skoolgeldvrystelling (**Graad 1 tot 7**), soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, kan v**anaf 13 Januarie 2027** dié vorms by **mev. Santie Pretorius** kom afhaal vir voltooiing.

Ons sal graag die proses wil finaliseer teen **31 Maart 2027**.

U samewerking in dié verband sal hoog op prys gestel word.

5. INVORDERING VAN SKOOLGELD:

1. Volgens Artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 word **BEIDE ouers (wetlik) verplig** om skoolgeld te betaal - dit is dus 'n **statutêre uitgawe**. Die skool mag regstappe neem ter invordering van uitstaande/agterstallige skoolgeld.

2. Indien 'n rekening nie maandeliks betaal kan word nie, moet 'n **skriftelike reëling met mev. Santie Pretorius** (santie@saamtrek.co.za) by die **debiteure afdeling** getref word. Dit is **u plig** om die **skool te nader** om die nodige reëlings te tref en die skool se databasis te laat aanpas **soos u inligting verander**.

Die debiteure invorderingsproses vir 2027 ter inligting:

1. Rekeninge word maandeliks rondom die **15de** per e-pos/per hand aan u gestuur.

2. Indien u rekening nie betaal is teen die 7e van die maand nie, begin die invorderingsproses.

3. Indien u rekening **30** dae agterstallig is, sal u deur mev. Santie Pretorius gekontak word.

4. Indien u rekening **60** dae agterstallig is, sal u 'n aanmaning ontvang.

   Indien u nie hierop reageer deur 'n betaling te maak of 'n skriftelike reëling te tref nie, sal u die gevaar loop van regsaksies wat negatiewe notering (swartlys) insluit.

5. Indien u nie u reëlings, soos getref met u skriftelike ooreenkoms, nakom nie, of geensins reageer op die aanmaningsbrief binne die genoemde tyd nie, sal ons sonder verdere kennisgewing voortgaan met die nodige regsaksies wat oorhandiging aan ons invorderaars of direkte dagvaarding vir die uitstaande geld sal insluit.

6. Alle oorhandigings word deur Buffeldoorn Debt Collectors hanteer. Kostes wat verbonde is aan hierdie invordering sal ook deur die betrokke ouer betaalbaar wees aan Buffeldoorn Debt Collectors.

6. SAAMTREK-SKOOLGELD (Graad RR en - R)

Die Skolewet is tans slegs op skoolpligtige leerders van toepassing; m.a.w. u kan **NIE aansoek doen vir vrystelling vir graad RR en R-leerders nie**.

- Bogenoemde proses sal ook gevolg word vir wanbetalers.
- Leerders wie se skoolgeld nie betaal is nie, kan hul plek by Samies verbeur.

7. TEN SLOTTE

Laerskool Saamtrek streef daarna om aan elke leerder ‘n veilige, gelukkige en stimulerende omgewing te bied waarin hy of sy adademies, kultureel, op sportgebied en geestelik kan ontwikkel.

Dit is slegs moontlik met die ondersteuning en samewerking van ons ouers.

Baie dankie vir u vertroue in Laerskool Saamtrek en vir die positiewe bydre wat u tot ons skoolgemeenskap lewer.

Ons wens elkeen van u net die beste wense toe vir die oorblywende deel van 2026.

Saamtrekgroete.

B VAN DEN BERG
HOOF

LAERSKOOL SAAMTREK

GEDRAGSKODE: OUERS

1. <u>INLEIDING</u>:

Die ouer bly die primêre opvoeder van die kind en is dus primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie sonder meer in die hande van die skool gelaat word nie. Die skool, daarenteen, behartig veral die deel van die opvoedingstaak, wat weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie geredelik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die skool en die gesin het dus elkeen sy eie taak om te vervul en die een kan sonder meer die taak van die ander een suksesvol oorneem nie.

Tog is hulle ten nouste by mekaar betrokke en word hulle onvervreembare bondgenote in die opvoeding van die kinders.

Ouerbetrokkenheid by die skool word bepaal deur die kwaliteit van die ouer se betrokkenheid by sy eie kind. Ouerbetrokkenheid begin in die gesin en die ouer wat nie by sy kind betrokke is nie sal moeilik tot betrokkenheid by die skool gemotiveer word. Volwasse ouerbetrokkenheid veronderstel verstandige besluite en duidelike riglyne aan die kinders oor wat mag en nie mag nie; oor werkshouding, getrouheid, entoesiasme, pligsbesef, verantwoordelikheid, vryetydsbesteding, optrede teenoor opvoeders en maats, vesting van Christelike lewenswaardes, aanleer van maniere en etiket, behoorlikheid en die opneem van ‘n eie lewenshouding**.**

Dit is belangrik dat ‘n gunstige lewensruimte by die huis en skool moet bestaan vir die kinders. Dit berus daarop dat daar ‘n gees van vrymoedigheid en toeganklikheid vir kinders en ouers sal bestaan by die skool. Dit word gedra deur ‘n gees dat mense vir mekaar omgee en medeverantwoordelikheid vir ‘n probleem wil neem. Om doelgerig te werk om ‘n gelukkige skoolgemeenskap tot stand te bring sal die ouers en opvoeders moet voorloop en sorg dat die leerders innerlik geborgenheid ervaar om so hulle beste te lewer. Die skool en ouerhuis moet hande vat om die ideale atmosfeer daar te stel vir die kinders. Die kinders moet ook geleer word dat die gunstige klimaat by die huis en skool nie misbruik mag word vir onaanvaarbare gedragspraktyke nie.

Wanneer ‘n kind op onaanvaarbare wyse optree behoort die skool die vrymoedigheid te neem om met die ouers in verbinding te tree om die probleem op te los.

Om bogenioemde te bereik behoort die ouers die volgende te doen:

2. <u>VENNOOTSKAP</u>:

Ouers moet onderneem om ‘n prominente rol te speel as deel van die opvoedingspan van die skool.

Ouers moet die etos van die skool ondersteun en so optree dat hulle die waardes van die skool reflekteer.

Die ouers behoort bereidwillig te wees om op ondersteuningsgroepe te dien wat diens lewer by die skool.

Ouers behoort die openbare beeld van die skool te bevorder en ’n positiewe boodskap uit te dra na potensiële kliënte/ouers van die skool.

Ouers behoort hartlik saam te werk met die opvoeder tot voordeel van die leerder.

Ouers behoort die opvoeders te erken as plaasvervangende ouers en alles in hulle vermoë doen om die opvoeder se gesag te ondersteun en om die kind se vertroue in die opvoeder te verstewig en die verhouding tussen die skool en die ouerhuis te bevestig.

Die ouers en die opvoeders tree in vennootskap op en onderneem om die waardes van die ouerhuise en die skool te bevestig.

Ouers behoort die skool te ondersteun in die skool se pogings om opvoedingsgeleenthede vir die leerders te skep.

Ouers behoort die skool so te konsidereer in hulle besluite en beplanning dat daar nie by die kind die persepsie ontstaan dat die skool maar ’n baie lae aansien by die ouerhuis geniet nie.

3. <u>BESTUURSAKE</u>:

Die Beheerliggaam as verteenwoordigers van die ouers moet sorg dat goeie kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis bestaan sodat die ouers hulle insette in die bestuur van die skool kan lewer.

Ouers behoort hulle beskikbaar te stel vir verkiesing op rade of komitees van die skool.

Ouers moet beskikbaar wees om op die skool se Beheerliggaam en die Beheerliggaamkomitees gekoöpteer te word.

Ouers moet bereid wees om hulle neer te lê by vergaderingbesluite waar die meerderheidsbesluit geld.

Ouers behoort die hoof te ondersteun in sy/haar besluite en bestuur van die skool.

Ouers behoort die skool se ouervergaderings by te woon.

Ouers moet onderneem om nie onnodig met die skool se sake in te meng nie.

4. <u>AKADEMIES</u>:

Ouers behoort oueraande gereeld by te woon om te verneem oor die vordering en gedrag van hulle kinders.

Die ouer behoort met die opvoeder in gesprek te tree as daar ’n probleem met die leerder se vordering op skool ontstaan.

Ouers behoort inisiatief te neem om die opvoeders te ondersteun met huiswerkopdragte wat die leerders moet voltooi.

Ouers behoort positief te reageer as daar ’n versoek van die opvoeder kom in projekte wat in die klas aangepak en tuis voltooi moet word.

Ouers moet bereid wees om die waarheid oor hulle kinders te aanvaar tydens oueraande wanneer daar op ’n eerlike wyse oor die kind se vordering en gedrag gepraat word.

Ouers moet toesien dat hulle kinders leer vir toetse en assesseringsaangeleenthede.

Ouers behoort gereeld na hulle kinders se skrifte te kyk en handtekeninge aan te bring as daar so ’n versoek gerig word.

Ouers behoort hulle kinders se toetse te teken as die skool so versoek.

Ouers moet hulle kinders ondersteun om op skool te vorder.

Ouers behoort saam met die skool te werk as die skool sekere aanbevelings doen in verband met die kind se skolastiese vordering.

Ouers behoort hulle kinders moreel en finansieel te ondersteun as die kinders sekere projekte moet inlewer soos take of ander leearea-opdragte om goed te versamel en saam bring skool toe.

5. <u>DISSIPLINE</u>:

Ouers behoort hulle neer te lê by die skool se dissiplinêre kode en toe te sien dat hulle kinders die skoolreëls gehoorsaam.

Ouers behoort toe te sien dat hulle kinders in die regte skooldrag skool toe kom.

6. <u>FINANSIEEL</u>:

Ouers is aanspreeklik om die voorgeskrewe skoolgelde betyds te betaal.

Ouers is aanspreeklik daarvoor om die hoof betyds in te lig as daar finansiële probleme binne die gesin ontstaan en die ouers nie die voorgeskrewe skoolgeld kan betaal nie.

Ouers moet ook bereid wees om enige kampfooie, toergelde, busgelde vooruit te betaal aan die skool indien hulle kinders sou deelneem aan sodanige aktiwiteite.

7. <u>BUITEMUURS</u>:

Ouers behoort entoesiasties te wees oor die skool se buitemuurse program.

Ouers behoort hulp aan te bied waar nodig.

Ouers moet hulle kinders betyds afhaal by die skool met aktiwiteite wat na-ure plaasvind soos uitstappies of sportgeleenthede.

Ouers moet bereid wees om ’n vrywaringsvorm te onderteken voordat die leerder aan enige aktiwiteite by die skool mag deelneem.

Ouers behoort dit vir hulle kinders moontlik te maak om aan die skool se buitemuurse program deel te neem.

Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om sy/haar kind by die skool af te haal na skoolsluiting omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na ure nie.

Let wel: Die skool verbied ook alle alkohol gebruik op die terrein met enige en alle byeenkomste van watter aard ookal. Die ouer mag geen alkohol saam met hom, haar of ander persone die terrein binne bring nie. Ouers wat nie hieraan gehoor gee nie oortree die wet en mag versoek word om die terrein te verlaat.

8. <u>SKOOLBYWONING</u>:

Ouers moet toesien dat hulle kinders gereeld die skool bywoon.

Ouers behoort vooraf toestemming te verkry as hulle kind afwesig gaan wees van die skool. Ouers moet ook ’n afwesigheidsbrief aan te bied as ’n leerder weens siekte afwesig was.

Ouers moet verseker dat hulle kinders betyds by die skool opdaag voordat die skooldag amptelik ’n aanvang neem.

9. <u>MEDIES</u>:

Ouers behoort hulle kinders medies te laat behandel as die skool dit versoek soos in die geval van kopluise.

Ouers moet bereid wees om hulle kinders te kom afhaal by die skool wanneer die kinders by die skool seergekry het en mediese versorging benodig.

Ouers behoort nie hulle kinders skool toe te stuur as hulle siek is nie.

Ouers moet die nodige medikasie aan die skool voorsien indien hulle kinders allergies is vir sekere dinge wat die kinders mag aantas by die skool soos bv. bysteke.

Ouers onderneem om enige mediese koste op aanvraag te betaal en onderneem om enige van die skool se openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir enige koste wat in verband met mediese uitgawes aangegaan mag word.

Ouers bevestig dat mediese rekeninge direk aan hulle gestuur moet word vir vereffening deur die ouer.

10. <u>KOMMUNIKASIE</u>:

Ouers moet bereid wees om inligtingsvraelyste in te vul vir die skool se amptelike rekords.

Ouers behoort die omsendbriewe te lees en daarop te reageer as daar skeurbriefies betrokke is.

Ouers behoort eers die skoolhoof te gaan spreek as hulle ongelukkig is oor iets by die skool en behoort nie by die eerste geleentheid na die media te hardloop nie. Berigte in die media kan die skool se openbare beeld onnodig skaad, terwyl die probleem maklik in die kantoor opgelos kon word.

11. <u>PROJEKTE/FUNKSIES</u>:

Ouers behoort funksies, gesellighede en ander aktiwiteite van die skool te ondersteun.

Ouers behoort die skool te ondersteun tydens fondsinsamelingsprojekte omdat die skool sulke geleenthede reël om fondse in te samel tot voordeel van die leerders van die skool.

Ouers behoort bereid te wees om tydens funksies te kom help om van die funksie ’n sukses te maak.

12. <u>SKOOLEIENDOM</u>:

Ouers behoort hulle kinders van stewige tasse te voorsien sodat die skool se handboeke nie onnodig beskadig word nie.

Ouers behoort hulle kinders van materiaal te voorsien om hulle boeke oor te trek.

13. <u>VEILIGHEID VAN LEERDERS</u>:

Ouers behoort die skool te ondersteun as die skool sekere veiligheidsmaatreëls instel om die kinders se veiligheid te verseker.

Ouers moet bereid wees om die skool te help beveilig in die geval van natuurrampe of noodsituasies.

Handtekening: Ouer 1 : _____

Handtekening: Ouer 2 : _____

Datum : _____

Laerskool Saamtrek

Welkom by Samies

WAAR ELKEEN GELUKKIG IS!

KOMMUNIKASIE

ALLE KOMMUNIKASIE EN KORRESPONDENSIE GESKIED VIA DIE ELEKTRONIESE PLATFORM **"WHATSAPP"**

Sodra u toelating goedgekeur is, word u op 'n klasgroep geplaas waarop die skool primêr met u as ouer kommunikeer.

Ons deel alle belangrike inligting met u by wyse van 'n:

I. skrywe,
II. kennisgewing,
III. bulletin,
IV. Google vorm,
V. skakels (links),
VI. toepassings (Apps),
VII. KARRI kontantlose betalingstelsel,
VIII. jaarkalender, ens.

Ons maak ook gebruik van ons **webtuiste** om inligting te deel met deelgenote van die skool en die breë publiek. (**www.saamtrek.com**)

U kan ook gebeure, uitslae, prestasies, aktiwiteite en bemarkingsgeleenthede volg op Facebook. (Laerskool Saamtrek)

Indien u nie gebruikmaak van "**Whatsapp**" nie, moet u dringend met die kantoor skakel vir 'n alternatiewe reëling.

Saamtrekgroete.